GOD IS IN BEHEER

EK GLO

- **Die Bybel** as die Woord van God (Deur mense geskryf maar deur God geïnspireer)

- **God stel alle regerings aan en af** ook in Zimbabwe en Suid Afrika en as mense nie kan verstaan hoekom God dit doen nie is dit omdat hulle Hom nie ken nie. Kyk maar hoe het Hy ‘n pad geloop met koning Nebukadnesar in die boek Daniel.

  Dan 4:17 So sal alle mense weet dat die Allerhoogste mag het oor al die koninkryke op aarde en dat Hy dit gee aan wie Hy wil; Hy stel selfs die onbelangrikste mens daaroor aan.

  Dan 4:25 ...Dan sal u moet erken dat die Allerhoogste mag het oor al die koninkryke op aarde en dit gee aan wie Hy wil

  Dan 4:32 ...Dan sal u moet erken dat die Allerhoogste mag het oor al die koninkryke op aarde en dit gee aan wie Hy wil

  Dan 5:21 Hy is uit die menslike samelewing uitgestoot en het soos die wilde diere geword; hy het saam met die wildedonkies gebly en moes gras eet soos beeste; hy is snags deur die dou van die hemel natgemaak. Hy moes erken dat die allerhoogste God mag het oor die koninkryke op aarde en daaroor aanstel wie Hy wil.

- **As ‘n volk God verlaat** doen hy basies 2 dinge met hulle
  1) Hy stel hul vyande oor hul aan en
  2) Hy versprei hulle

  die God van die Bybel - Die ware God - is nie net ‘n God van liefde en genade nie, maar het ook ander attribute/eienskappe en is ook o.a. ‘n God van absolute geregtigheid wat geen sonde en ongehoorsaamheid ongestraf sal laat bly nie (Eks 34:6-7)

  Lees maar bietjie **Lev 26** aandagtig deur. Ons weet Hy het hier met Israel gepraat en verstaan die konteks MAAR

  1Sam15:29 Die Ewige van Israel lieg nie en Hy verander nie van gedagte nie, want Hy is nie 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie."

  Gal 6:7 Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes.

- **God soek absolute gehoorsaamheid en eer**

  1 Sam15:22 Maar Samuel antwoord: "Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel? Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme.

  Wat doen ons:

- Ons lewe net vir onssself en nie vir God nie - Sport, rugby, uitkamp, oorsee, partytjies, braaivkleis met vriende, ons kinders is vir ons belangriker as God ens ens.
  Ons jaag almal rykdom hier op aarde na terwyl ons nou vir God moet werk en ons sal ons beloning vir ewig hierna kry - NIE HIER OP AARDE NIE (Sien my skrywe oor rykdom najaag) (Mat19:23-24)
  Gaan kyk maar wat behels die deursnee Afrikaner se beplanning vir elke naweek.

Wat behoort ons te doen ons:

- Mat 28:19-20 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

  (Met hoeveel mense het jy al gepraat en seker gemaak hulle ken werklik God en weet werklik wat die evangelie is en is werklik op pad hemel toe - Ken jy regtig die pad? Is jy seker jou kerk is op die regte pad?)

  1Pet 4:18 As 'n gelowige beswaarlik gered word, wat word dan van 'n goddelose en 'n sondaar?"

  Mat 10:37-39 Hy wat sy vader of moeder liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie.
  Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie.

  "Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind

  Mat 11:12 Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle **kragtig inspan**, kry dit in besit.

  Mat 7:21-23 "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.
  Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?'

  Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree."

- **God soek absolute geloof in Hom**

As jy nou op straat uitstap en jy vra die meeste mense (ons praat nou van die wit "Christen" afrikaners) sal almal vir jou sê hulle hulle glo maar dan gaan kyk jy na hulle lewens

- Genoeg voorsiening vir aftrede gemaak	- Pensioenfondse
- Groot bydaes aan beste medies	- Mediese Fondse
- Groot heinings ge-elektrifiseerd ens	- Sekuriteitsfirmas
- Groot premies aan Korttermynversekering	- KT Versekering
- Groot premies aan Lewensversekering	- Lewens Versekering

Het u al daaraan gedink dat al hierdie firmas hierbo en nog andere gebou is op die vrees van die mens en sy ongeloof in sy God. Ons sê ons glo maar ons vertrou op ons eie menslike voorsienings en nie op God nie. Nie een van bogenoemde is 'n aanbeveling deur die Bybel nie.

<u>Kom ons kyk gou wat is GELOOF - Basies 3 dinge</u>

i) Kennis - Jy kan nie in iets glo waarvan jy nie kennis het nie
ii) Glo in dit waarvan jy nou die kennis het
iii) Vertrou op dit waarvan jy kennis het en glo

Meeste mense bedoel eintlik i) en ii) as hulle sê hulle glo, maar bitter min mense bedoel iii)

<u>Wat is die Bybel se definisie van geloof</u>

Heb11:1 Die geloof dan is 'n <u>vaste vertroue</u> op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. (OAV)

Heb 11:6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

As jy nou op straat stap en vra enige persoon as hy nou sou doodgaan waar gaan hy heen sal jy sien 99% gaan vir jou sê hy gaan hemel toe, **maar** wat sê Jesus

Mat 7:14 Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, **<u>is min</u>**.

Kan jy sien hoe maklik kan ons onsself mislei - Maak seker

NIKS IN DIE LEWE KAN BELANGRIKER WEES NIE!!!!

JESUS GROETE

Willem Zaaiman 0825565710
Posbus 30650
Sunnyside
0132